Curriculum Vitae
Nick Serfontein
- Sernick -

Nick Serfontein is gebore op die plaas Liebenbergstroom, Edenville in die Vrystaat waar hy matrikuleer in 1966 in ‘n klas van 8 leerlinge, 4 seuns en 4 dogters. Na skool wou hy gaan boer maar sy ouers, wat ‘n klein gemengde boerdery bedryf het, het hom oortuig dat daar nie ‘n toekoms in boerdery was nie. Gevolglik het hy Ingenieurswese gaan studeer aan die Universiteit van Pretoria en hom gevestig in ‘n Raadgewende Ingenieurs praktyk.

In 1983 koop hy 250ha grond, 30 kommersiële Bonsmaraverse van Hannes du Preez en ‘n bul van Gerhard Brön. Wyle Rex Butler keur sy verse as basisdiere en hy begin die Sernick stoet. Die naam SERNICK is afgelei van die SER van Serfontein en sy naam NICK.

In 1985 koop hy 2 stoeterye, Marie Louise en Iffley Investments van Andrew Makkink.

In 1990 besluit hy dat beesboerdery marginaal is en dat hy waarde moet toevoeg om ekonomies te kan boer. Gedurende die volgende 10 jaar koop hy meer grond insluitende die familieplaas, brei die stoet uit, ontwikkel die Fase C bultoetsstasie, ‘n voerfabriek, ‘n voerkraal, en koop die Kroonstad abattoir. Vir 20 jaar boer hy deeltyds vanaf Mafikeng tot 2002 met sy uittrede as Raadgewende Ingenieur. Gedurende hierdie periode is die stoet verskeie kere verklein om die waardeketting te finansier. In 2012 voltooi hy die waardeketting met Sernick se toetrede tot die kleinhandel. Hy het twee dogters en een seun wat almal betrokke is by die Sernick Groep. Hy is getroud met Vida, ook met twee dogters en een seun. Die Sernick Groep het 480 mense in diens met ‘n jaarlikse omset van R1.2 miljard.

Toekennings gedurende 2016 sluit in die LNR kudde van die jaar en Vrystaatse boer van die jaar. Nick glo dat wat hy bereik het, te danke is aan sy geloof in die haalbaarheid van sy drome asook sy besluit om hom te omring met mense wat beter is as hy.

AGRA / HARTEBEESTLOOP BOEREDAG / FARMERS’ DAY
Donderdag 18 Mei 2017 / Thursday 18 May
HARTEBEESTLOOP VEILING: 19Mei, 11H00
www.bonsmara.com.na

Joggie **0812316169** **jbried@joggie.com.na** Japie **0812360880** Kiep **0811240648**